

## HOOFSTUK VII

### NAWOORD: KAAPSE SLAWERNY, 'N BELANGRIKE HOOFSTUK IN DIE SUID-AFRIKAANSE KULTURGESKIEDENIS

Alhoewel Kaapse slawerny wel sy letsels op bepaalde segmente van die Suid-Afrikaanse gemeenskap gelaat het, het daar nogtans wat kultuur betref, 'n feniks uit die as herrys om sy regmatige plek met waardigheid in die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis in te neem. Met die koms en vestiging van slawe aan die Kaap is 'n belangrike hoofstuk in die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse geskiedenis geskryf. Hulle lewenswyse en -vorme, wat in bepaalde fisiese en geestelike behoeftes gemanifesteer het, hulle arbeid oor 'n breë spektrum en hulle teenwoordigheid as 'n integrale deel van 'n multi-kulturele Kaapse samelewing waarbinne kulturele dinamika noodwendig tot kulturele fusie en die ontstaan van nuwe kultuurvorme gelei het, verteenwoordig ongetwyfeld 'n belangrike aspek van die tipies sinkretiese Suid-Afrikaanse kultuur. Ten spyte van haglike omstandighede bly die mens in sy wese draer en skepper van kultuur. Die Kaapse slawetyd is 'n sprekende voorbeeld dat kultuur wel uit stryd gebore word, aangesien pyn en worsteling die menslike gees louter en slyp waaruit uiteindelik die edelste en blywendste vorme van kultuur voortvloei.

Die verloop van die geskiedenis het uiteenlopende volkere binne 'n relatiewe kort periode van 1652 tot 1838 aan die suidpunt van Afrika byeengebring. Die koms van die slawe het in noue verband tot die sewentiende-eeuse Nederlandse kolonisasie- en handelsgeskiedenis in die Ooste en die gevolglike stigting van 'n verversingspos in 1652 aan die Kaap gestaan. Die lot van talle Oosterse en Afrikaslawe is finaal verseël toe die besparingsbewuste Nederlandse kolonisasie-agent, die VOC, op slawe as die mees haalbare oplossing vir die Kaapse arbeidsprobleem besluit het. Met die destyds heersende siening dat slawerny as Bybels-gewettigde instelling 'n noodsaaklike en integrale deel van die mens se ekonomiese, sosiale en kulturele bestaan is, is slawe sonder ernstige gewetensbesware deur die Nederlanders ingevoer om deur hulle arbeid die lewensvatbaarheid en gevolglike voortbestaan van die arbeidsbehoefte verversingspos en nedersetting aan die Kaap te waarborg. Die invoer van slawe sou nie net op arbeids- en ekonomiese gebied 'n deurslaggewende rol speel nie; dit sou ook 'n belangrike bewegingsmoment in die vorming van 'n nuwe inheemse kultuur wees wat uit sinkretiese elemente opgebou is. As verteenwoordigend van 'n verskeidenheid Oosterse en Afrikakulture het slawe die Kaap uit verskillende wêrelddele en op verskeie wyses bereik om uiteindelik die mees heterogene slawebevolking ter wêreld te vorm. Saam met hulle Europese meesters van onder meer Nederlandse, Duitse, Engelse, Franse en Skandinawiese herkoms, sou hulle deel vorm van 'n unieke kultuurmengelmoes waarbinne aanpassing by die nuwe geografiese, sosiale en kulturele milieu vir alle groepe, ter wille van oorlewing, 'n noodwendigheid was.

Vir die slawe in besonder het hulle aankoms en vestiging aan die Kaap sekere eise ten opsigte van sosiale en kulturele aanpassing gestel. Die eerste handjievul slawe wat hulle voor 1658 in diens van Kompanjiesamptenare bevind het, was weens hulle beperkte getalle en geografiese heterogene herkoms nie in staat om 'n sterk gekonsolideerde slawegroep met 'n eie kultuur te vorm nie en was as sodanig aan die dominante kultuur van hulle Europese meesters

blootgestel. Dit het tot vertikale akkulturasie gelei waardeur hulle, veral deur huwelike met Europeërmans, in die oorwegend Europese kultuur geassimileer is. Vanaf 1658 het slawegetalle met die amptelike invoer van slawe en weens die aantreklike en winsgewende Kaapse slawemark drasties begin toeneem. Hierdeur sou 'n groot getal slawe van diverse herkoms na ontberingsvolle seereise vanaf die Ooste en die Afrikakusgebiede, sonder keuse of regte, by die Kaap voet aan wal sit om spoedig na aankoms 'n naamsverandering te ondergaan en verkoop te word of in die Kompanjieslawelosie, maar veral ook in slawekwartiere van die Kaapstadse slawespekulante, opgeneem te word waar hulle fisies vir slaweveilings of vendusies in die handelsgeoriënteerde Kaapse gemeenskap voorberei is. Op die veilings sou hulle spoedig uitvind dat hulle as potensiele eiendom op dieselfde vlak as meubels en vee gereken is en dat prysdifferensiasie op die Kaapse slawemark oorwegend op die stereotipering ten opsigte van oorsprong en afkoms gebaseer was. Hiervolgens het Kaapsgeborenes die hoogste posisie en Malgassiese slawe die laagste posisie beklee. Hierdie stereotipering was die voorloper van rasgebaseerde differensiasie en latere diskriminasie. Die waarde en prys van 'n slaaf is voorts deur spesiale vaardighede, fisiese voorkoms en gesondheid, ouderdom en geslag bepaal. Behalwe sekere bevoorregte huisgebore slawe het die meeste Kompanjie- sowel as privaatslawe een of ander tyd, hetsy na aankoms of tydens reeds gevestigde verblyf, gedurende boedelveilings, bankrotveilings of algemene vrywillige vendusies 'n draai by die veilingstafel gemaak wat in die meeste gevalle groot ontwrigting en trauma vir die betrokke slawe veroorsaak het. As sodanig was veilings in skrilte kontras met die besonder gesellige okkasies wat dit vir amptenare en burgers was.

Nadat hy op 'n veiling, vendusie of tydens 'n private transaksie aangekoop is, is die betrokke slaaf binne 'n bepaalde milieu gevestig wat die dekor sou vorm waarteen sy lotgevalle en lewensloop sou ontvou. As uitwendige kulturele determinante sou beide die fisies-geografiese sowel as die sosio-kulturele omgewing waarbinne die slawe hulle van die sewentiende tot negentiende eeu bevind het, 'n bepalende rol in die ontwikkeling van eiesoortige kultuurpatrone binne die drie identifiseerbare kultuurstreke, naamlik die stedelike, akkerbou- en binnelandse veeboerstreke speel. Die fusie van kulture binne die ekonomiese en sosiale strukture van elke streek het 'n bepaalde kulturele streekshomogeniteit in die hand gewerk wat die streke van mekaar onderskei het. Binne die stedelike geografiese milieu van Kaapstad was die slawe deel van die vermenging van oorwegend Europese en Oosterse kulture wat ook deur uiteenlopende groepe, soos Kompanjiesamptenare, slawebesittende en nie-slawebesittende burgers, Chinese handelaars en vryswartes, gedeel is. Daarbenewens was die Kaapstadse slaaf deel van 'n sosiaal-ekonomiese milieu wat sterk handelsgeoriënteerd was en waarbinne handewerk deur die meestersklas gestigmatiseer is. Dié handelsingesteldheid het die siening en benadering van die meesters ten opsigte van slawe beïnvloed. As eiendom, was die slaaf se nut op 'n ekonomiese waardebeoordeling gebaseer wat hom deel gemaak het van die voortdurende verhandeling van roerende en onroerende eiendom wat op die Kaapse mark aangebied is. Ten nouste betrokke by die handelsbelange van hulle meesters, is hulle in die proses self tot vernuftige handelaars geslyp waardeur hulle geld kon verdien om uiteindelik hulle vryheid te koop. In Kaapstad het die groter mate van sosiale vloeibaarheid, noue sosiale, fisiese en werkskontak tussen Europeërs en geskoolde Oosterse ambagslawe, huisslawe en vryslawe 'n rol in die oordrag van verskeie Indiese en Indonesiese kulture op die Europeërs in Kaapstad gespeel, terwyl die nouer kontak tussen die slawe onderling 'n eiesoortige slawekultuur, wat deur elemente van Islam gekenmerk is, tot gevolg gehad het. Noue kontak en sosiale vloeibaarheid het ook rassevermenging en kreolisering van slawe sowel as kultuur in die hand gewerk.

In die akkerboustreek was slawe van diverse afkoms, taal en kultuur eweredig onder die wyduiteenlopende sosiaal en geografies geïsoleerde boerderygemeenskap versprei, terwyl geen enkele homogene slawegroep binne 'n bepaalde geografiese gebied of plek gevestig was nie. Dit het die vorming van 'n gemeenskaplike slawekultuur, soos dit in die stedelike gebied herkenbaar was, teengewerk. Op die geïsoleerde akkerbouplaas, waar beide slaaf en meester meer op mekaar aangewese was, was veral die huisslawe van diverse herkoms op 'n daaglikse basis in noue kontak met en blootgestel aan die Europese lewenswyse en kultuur van hulle meesters en meesteres wat tot gevolg gehad het dat die dominante kultuur in 'n groot mate deur die slawe oorgeneem is. Alhoewel rassevermenging wel voorgekom het, het die betreklike balans in die numeriese verhouding tussen geslagte van die blanke boerderygemeenskap en die gevolglike stabiele Europees-georiënteerde gesinstrukture rassevermenging beperk. Alhoewel die akkerbouslawe spoedig in die Europese kultuur geassimileer is, is hulle nie in die kerk en vryburgergemeenskap opgeneem nie.

Weens hulle beperkte getalle, die eise van die afgeleë binneland sowel as isolasie, sou slawe in dié streek op kulturele gebied eerder 'n deelnemende as bepalende rol in die oorwegend Europees-Khoikhoikultuur speel. In dié kultuur het die Khoikhoi-invloed die Oosterse slawekulture oorheers en het beide boere en slawe mettertyd bepaalde aspekte van die herders- en jagekonomie van die inheemse Khoikhoi aanvaar.

Aangesien die omstandighede aansienlik van streek tot streek verskil het en veral deur die mate van isolasie, klimaatsomstandighede, die aard, welvarenheid, nerings en gepaardgaande arbeidsbehoefte van die eenaars binne 'n bepaalde geografiese gebied beïnvloed is, het 'n bepaalde lewenswyse en lewensvorme rondom die manifestering en hantering van en voorsiening in die fisiese en geestelike aspekte en behoeftes van die slaaf se lewe na sy vestiging binne die onderskeie streeksmilieus ontvou, wat 'n duidelike stempel op die hele Kaapse samelewing afgedruk het. Wat die fisiese aspekte betref, sou dit veral neerslag vind in die wyse waarop die slawe oor die algemeen behandel is, sowel as die wyse waarop hulle fisiese behoeftes ten opsigte van behuising, kleding, voeding en medies gemanifesteer en deur die eenaars hanteer is. Hieruit blyk dit duidelik dat die relatiewe goeie behandeling en fisiese versorging van slawe, wat deur 'n duidelike differensiasie ten opsigte van streek, eenaar, afkoms en herkoms van die onderskeie slawe gekenmerk is, deur die eiebelang en hebsug van 'n oorwegend gemaksugtige en handelsgeoriënteerde meestersklas, wat 'n slaaf op sy monitêre waarde beoordeel het, geïnspireer is. Aangesien menige slaaf 'n belangrike bron van rykdom deur òf sy persoonlike waarde òf deur sy arbeid was, was goeie behandeling en versorging meesal 'n voorsorgmaatreël en waarborg teen potensiële ekonomiese en finansiële verlies wat met die siekte en afsterf van 'n slaaf gepaard gegaan het.

Interessante tendense het ten opsigte van die fisiese behoeftes en versorging van slawe voorgedoen. Dit sluit onder meer die behuisingspatroon in waarvolgens Kaapsgebore en ander betroubare slavinne sowel as Kaapsgebore slawemans onder dieselfde dak as hulle meester gehuisves is, terwyl oorwegend ingevoerde en minder betroubare slawemans in slawekwartiere apart van die woonhuis verblyf gehad het. Akkerbouslawe is selfs in wooneenhede naby die stalle, vark-, duiwe- en pluimveehokke gehuisves om snags 'n ogie oor die vee te hou. Slawekleredrag het die status en welvaart van die meester en die bevoorregting van 'n slaaf of slavin weerspieël, terwyl dit in die geval van welgeklede slavinne 'n moontlike intieme verbintenis met 'n Europeërman verrai het. Ongeag die status en welvaart van die meester het 'n gebrek aan skoene slawestatus aangedui. Die vodde waarin die meerderheid Kompanjieslawe meesal geklee was, kan in 'n groot mate aan hulle ongewoonheid aan klere in

hulle vaderland, sowel as aan hulle voorkeur van drank bo klere toegeskryf word. Wat die voedsel van slawe betref, het goedkoop en vrylik beskikbare rys, vis en afval van vee die basiese en gemeenskaplike elemente in die onderskeie slawegroepe se dieët gevorm om uiteindelik 'n belangrike plek in die inheemse Kaapse kooktradisie in te neem. 'n Interessante tendens wat ten opsigte van die mediese behoeftes van slawe voorgedoen het, is die prominente rol van Islamitiese geneesmeesters en veral Javaanse slawe – danksy hulle holistiese benadering en grondige kruienkennis wat in die genesing van medeslawe en selfs die meesters aangewend is.

Die geestelike lewensvorme van die Kaapse slawe word duidelik weerspieël in die manifestasie en hantering van aspekte soos onderwys en opleiding, godsdien, sosiale en kulturele lewensvorme, soos verhoudings en huwelike, die geboorte, doop en status van die slawekind, vryetydsbesteding, feesdae en gebruike, die dood en begrafnis, huishoudelike en amptelike dissipline sowel as indiwiduele vrystelling. Hieruit blyk dit dat beide die owerheid en privateienaars dit moeilik gevind het om die slaaf as meer as 'n blote liggaam – 'n vorm van roerende eiendom met 'n prysetiket – te sien en die geestelike behoeftes van slawe te erken. Die onvry status van die slaaf en sy gevolglike gebrek aan burgerskap het basiese regte soos godsdien, onderwys, 'n huwelik en die status en posisie van die slawekind weens die morele dilemmas wat dit geskep het, besonder gekompliseer en in netelige kwessies laat onttaard. Die algemeen menslike reg op vrye beweging, assosiasie en selfs vryetydsbesteding is negatief deur die gebrek aan vryheid en burgerlike status beïnvloed. Die geestelike behoeftes van slawe is wel – in soverre dit nie die eiendomsreg van die meesters aangetas of die sosiale, ekonomiese, kerklike en politieke orde versteur het nie – deur beide die Kompanjie en privateienaars tot op 'n bepaalde punt aangespreek en geakkommodeer. Weens die onversoenbaarheid van slawerny met basiese menseregte is slawe tot 1823 die reg op 'n wettige huwelik en 'n basies stabiele en moreel gesonde gesinslewe, die beheer oor kinders en eiendom, die reg op 'n regsbindende testament, doop en 'n waardige begrafnis uit die Kaapse Kerk ontsê, terwyl hulle van deelname aan die Christelike feesdae en gebruike uitgesluit is. Alle fasette van hulle lewe was gereguleer. Selfs hulle doen en late in hulle vrye tyd is gereguleer en beperk. Vasgevang binne die stelsel van “geïnstusionaliseerde barbarisme” van die Kaapse slaweregime, was hulle blootgestel aan 'n onmenswaardige strafstelsel waar erkennings “uitgemartel” en beide oortredings en strawwe deur brutaliteit gekenmerk is. Vryheid was geen reg nie, maar wel 'n voorreg wat in die hande van die eenaar was en volgens sy goëddunke die slaaf te beurt kon val. Weens die bindende bepalings in die vrykoopaktes en die diskriminasie teen vryslawe op sosiale en ekonomiese gebied, wat met die onderskeid tussen vrygebore en vrygestelde burgers verband gehou het, was vryheid in 'n groot mate 'n relatiewe begrip. Die leemte wat ten opsigte van die geestelike behoeftes van slawe ontstaan het, sou deur Islam gevul word wat weens sy “klasloosheid” aan die sosiaal- en godsdienverstoke slaaf 'n sosio-religieuse heenkome gebied het waarbinne hy gelykwaardig met ander – sonder enige diskriminasie – aktief met 'n groep kon identifiseer en binne 'n geordende gemeenskap met 'n erkende geloof, wat meer toeganklik en eenvoudiger leerstellings gehad het, kon funksioneer. Binne dié sosio-religieuse opset was die wettiging van troubeloftes moontlik, kon die slawebaba sonder voorbehoude sy naam ontvang, was onderwys deur die *madaris* of Islamitiese godsdiensskole moontlik en het 'n raamwerk bestaan waarbinne Moslemslawe en Moslemeienaars in harmonie met mekaar kon leef. Daarbenewens was daar 'n beter kans op vryheid, kon slawe aktief deelneem aan godsdienstige feesdae en 'n integrale deel vorm van eiesoortige sosiale tradisies en gebruike, soos *rampie-sny*, *merang*, *khalifa*, ensovoorts, terwyl die laaste rituele by die dood en begrafnis met gepaste waardigheid en respek bedien is en hulle laaste rusplek goed versorg was. In die voorsiening in die

geestelike behoeftes van die slawe het die Islam daarin geslaag om – veral in die stedelike gebied – ‘n bepaalde sosio-kulturele milieu te skep waarbinne sekere kulturele aspekte van die slawe se lewe kon manifesteer en waardeur ‘n bepaalde “slawekultuur”, wat sterk deur elemente van Islam gekenmerk is, aan die Kaap beslag gekry het.

Behalwe vir ‘n bepaalde lewenswyse wat rondom die fisiese en geestelike behoeftes van slawe vorm aangeneem het, was hulle arbeid nog ‘n legkaartstuk in die Kaapse kultuurgeskiedenis. In wese kan kultuur as die omvorming en onderwerping van die natuur, danksy die arbeid van die mens gedefinieer word. Alle sinvolle arbeid is dus kultuur, terwyl kultuurskepping arbeid en inspanning deur ‘n enkeling of groep enkelinge veronderstel waarvan die resultaat deur die gemeenskap aanvaar en gekonsumeer word. In dié opsig het die Kaapse slawe wel deur ‘n kombinasie van talent en gedwonge fisiese arbeid ‘n kulturele bydrae gelewer. Sekere slaweberoepes en -nerings sowel as die geestelike en stoflike kultuurprodukte wat daaruit voortgevloei het, het ‘n inherente en onvervreembare deel van die Kaapse kultuur geword. Sedert die vestiging van die nedersetting was slawearbeid ‘n onvermydelike noodsaaklikheid. Binne die onderskeie streke het die nering van die eienaar en die gepaardgaande arbeidsbehoefte sowel as die herkoms en rasseafkoms van slawe ‘n bepalende rol in die klassifikasie en toekenning van slawearbeid gespeel. In die stedelike gebied het beide die regerings- en privaatslawe ‘n belangrike rol in die effektiewe funksionering van Kaapstad as administratiewe setel en handelsentrum van die Kaapkolonie gespeel. In dié streek het hulle arbeid oorwegend die lewering van dienste in die algemene huishouding en handelsektor sowel as die vervaardiging en produksie van middele en produkte behels. In die akkerboustreek is slawearbeid primêr in alle prosesse van die graan-, wingerd- en wynproduksie aangewend. As steunpilare in die ontwikkeling van die landelike produksiesektore het hulle ‘n deurslaggewende rol in die ekonomie van dié streek met sy intensiewe arbeidsbehoefte gespeel wat ook op kulturele gebied neerslag gevind het. Deur bekwame slawehande en -sweet is talle pragtige akkerbouplase met indrukwekkende Kaaps-Hollandse wonings aangelê, het wyne soos dié van Constantia die glase van nasionale en internasionale hoëlied, soos Napoleon en die Pruisiese keiser bereik en kon die Tygerbergstreek sy naam as “koringskuur van die Kolonie” gestand doen. Op die afgeleë binnelandse plase het die slawe saam met die Khoikhoi ‘n bydrae tot die veeboerdery en die produksie van groot hoeveelhede plaasprodukte vir die Kaapse mark, soos botter, droëvrugte, leer, seep, kerse en gedroogde aalwyn, gelewer.

Die etnies heterogene slawebevolking het ‘n breë spektrum van talent en aanleg verteenwoordig wat tot gevolg gehad het dat slawe binne die drie onderskeie streke in byna elke denkbare arbeidsektor van die handelsgeoriënteerde en merkantilistiese Kaapse gemeenskap, met sy gemaksugtige en handwerksku meestersklas, aangewend is. As onmisbare, veelsydige en besonder knap werkslui het die slawe ‘n onmiskenbare stempel op die Kaapse samelewing en kultuur afgedruk wat onder meer blyk uit die kunswerke van kunstenaars soos lady Anne Barnard (1750 - 1825), Charles Bell (1813 - 1882), Henry Clifford de Meillon (? - 1859), Charles D’Oyly (1781 - 1845), J.C. Poortermans (1786 - 1870), J. Rach (1720 - 1783) en Christopher Webb Smith (1793 - 1871) wat in dié tyd deur die teenwoordigheid en arbeidsaktiwiteit van die slawe in die Kaapse samelewing geïnspireer is. Bepaalde neringe, soos dié van vissers, kokke, soogvroue en kinderoppassers, musici en ambagslui, het bepaald ‘n invloed op die ontwikkeling van bepaalde aspekte van die Kaapse kultuur, soos die taal, kookkuns, volksmusiek, argitektuur en meubelbou, uitgeoefen wat slawearbeid ongetwyfeld ‘n bousteen in die Kaapse kultuur gemaak het.

Behalwe dat die slawe deur 'n bepaalde lewenswyse en hulle arbeid 'n rol in die Kaapse kultuurgeskiedenis gespeel het, het hulle as integrale deel van die multi-kulturele vroeë Kaapse samelewing 'n groot impak op die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuur uitgeoefen. Intieme, noue en volgehoue kontak van onder meer kultureel, linguisties en etnies heterogene slawegroepe en Europese meesters van diverse herkoms binne dieselfde geografiese en sosiale milieu, wat veral deur interafhanklikheid om oorlewing in die vestigings- en aanpassingsproses in die hand gewerk is, het tot 'n besonder dinamiese akkulturasieproses aanleiding gegee. Tydens dié proses is kulturele elemente onderling tussen die uiteenlopende groepe uitgeruil en het dié kulturele fusie tot veranderinge en vervorming van die oorspronklike kultuurpatrone van die onderskeie groepe gelei en nuwe kulturele gemeenskaplikhede wat deur die groepe gedeel is, tot gevolg gehad. Hierdie nuwe sinkretiese kreoolse kultuur wat aan die Kaap ontstaan het, is uit elemente van die Oosterse, Afrika en Europese kulture van beide slawe en meesters saamgestel. In dié opsig sou veral die Oosterse slawe aktiewe en dinamiese akteurs in die akkulturasieproses wees waardeur 'n nuwe inheemse kultuur met 'n eiesoortige taal, volksmusiek, koskultuur, boukuns, meubelbou sowel as 'n unieke en kleurvolle Kaapse Moslemgemeenskap aan die suidpunt van Afrika tot stand gekom het. Wat die taal betref, het daar weens taalkontak en die behoefte aan 'n gemeenskaplike kommunikasie-medium tussen meester en slaaf taalversteuring, pidginisering en kreolisering van die Nederlandse taal plaasgevind wat tot Kaaps-Hollands en die uiteindelijke ontstaan van Afrikaans en die dialek Kaapse Moslemafrikaans gelei het. Die teenwoordigheid van musikale Maleierslawe in die Kaapse huishoudings het 'n belangrike rol in die ontstaan van die Kaaps-Maleise volksmusiek gespeel. Die sekulêre musiek van die Kaapse Maleiers wat uit *minnatliedere* (minneliedere), ou Nederlandse volksliedere, humoristiese Afrikaanse *moppies* en die *ghommaliedere* met hulle eenvoudige melodieë en soms onsamehangende lirieke bestaan, het sy oorsprong – wat die lirieke betref – in Nederland, terwyl die sangtegniek met sy allerlei ritmiese verskuiwings en vokale krinkeltjies, versierings of “karienkels” van Oosterse invloed getuig. Daarbenewens het *boeremusiek*, 'n belangrike deel van die Afrikaner se kultuurerfenis, sy ontstaan in die “krontjong” van Java, wat 'n vermenging is van die populêre Portugese musiek en die Javaanse klassieke musiek tydens die Portugese kolonisasie van Indonesië in die vyftiende eeu. Knap Oosterse slawekokke – veral Maleiers – in die Kaapse kombuis het deur vermenging, vervorming en aanpassing van Oosterse en Westerse kookkunselemente by plaaslike smake, behoeftes en beskikbare voedselbestanddele, 'n belangrike rol in die vestiging van 'n tipiese Kaapse kookkunstradisie gespeel. Dit is deur 'n sterk sinkretisme gekenmerk, terwyl 'n eiesoortige Kaaps-Maleise kookkuns, wat op sy eie bene staan, ook beslag gekry het. Wat die boukuns betref, het die teenwoordigheid van slawe en die aard van slawerny onder invloed van die klimaat en die beskikbaarheid van grondstowwe 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n inheemse kreoolse Kaapse stedelike en plattelandse boukuns gespeel. Hulle bydrae word veral weerspieël in die tegniek en motiewe van die dekoratiewe pleisterwerk op die Kaaps-Hollandse gewels. Die Kaapse meubelboukuns van die agtiende en negentiende eeu word deur stylvermenging gekenmerk waarin Westerse en Oosterse stylelemente besonder vaardig deur kunstige en bedrewe Indiese en Indonesiese meubelbouers vermeng is. Oosterse invloed blyk onder meer uit die behendige gebruik van rottang en bamboes, die bal-en-klou pote, wat die simbool is van 'n draakpoot wat 'n pêrel vasklou, die boog- of kabrioolpote en die inleg- en lakwerk in sommige Kaapse meubelstukke. Alhoewel soms vreemd vir die Europese stylpuris, was die Kaapse meubels eiesoortig, funksioneel en ongetwyfeld inheems.

Wat die unieke Kaapse Maleiergemeenskap betref, het dié Moslemgemeenskap deur die akkommodasie van sekere vreemde mistieke elemente van die Afrikaspiritualisme, Boeddha-Hindoeïsme en Indonesiese animisme en die selektiewe opname van bepaalde

elemente van die Westerse kultuur, slawe van nie-Moslemkulture na die Islam aangetrek. Die produkte van die akkulturasieproses en sosiale assimilasië het in tipiese Kaapse Moslemtradisies, soos *merang*, die *barakat*, *rampie-sny*, die *doopseremonie* en *-maal*, *kersopstiek*, *ratiep* of *khalifa*, *doekoem* en die uitgebreide tradisionele etes tydens sekere religieuse feeste, herdenkings en gebruike en die tipiese Kaapse Moslemhuwelik, neerslag gevind, wat aan dié gemeenskap 'n eiesoortige karakter verleen en dit van ander Moslemgemeenskappe wêreldwyd onderskei.

As ontmensdes en miskendes sou die Kaapse slawe 'n wesenlike bydrae tot die vorming van 'n nuwe sinkretiese kultuur lewer wat uiteindelik deur eenheid in verskeidenheid gekenmerk sou word. Hulle plek in die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis is kwalik te misken; bepaalde wortels van die Suid-Afrikaanse sowel as die Afrikanerkultuur *per se* is, danksy akkulturasie, net so stewig in die Ooste en Afrika as in Europa veranker. Deur 'n objektiewe kultuurhistoriese perspektief op die Kaapse slawe word 'n oorwegend Eurosentriese benadering ten opsigte van die Suid-Afrikaanse kultuur hersien, terwyl die bydrae van die slawe tot dié kultuur en gevolglike kulturele verbondenheid as 'n onmiskenbare realiteit erken word. Uit die pynlike en onmenslike stelsel van slawerny het wel iets goeds vir die Suid-Afrikaanse nasie voortgekom; het 'n feniks inderdaad triomfantlik uit die as herry om die simbool te word van die mens as kultuurdraer en -skepper te midde van onderdrukking en stryd in 'n onbekende selfs onvriendelike multi-kulturele sosiale milieu en om as bewys te dien dat die dinamika van kultuur as menslike attribuut onstuitbaar en onvernietigbaar is.

“Kennis van die verlede is onontbeerlik vir hulle  
wat daarna streef om 'n beter wêreld te skep”  
– Ludwig von Mises